**Maandag 4 November**

| Skrifgedeelte: Hebreërs 3:1-6 | Fokusgedeelte: Hebreërs 3:1 |
|---|---|

**Sien Jesus raak vir Wie Hy is**

Jesus is Apostel en Hoëpriester. Die Hebreërs het begin twyfel oor Wie Jesus was. Leraars en lasteraars wil vandag ook van Jesus ’n doodgewone Jood maak. Onverskilliges stel Hom selfs voor as ’n seksueel losbandige mens. Dis ’n eeue-oue aanslag van die duiwel om mense van hulle geloof en hoop te vervreem.

Die opdrag: “Let noukeurig op Jesus”, bly steeds belangrik. Kyk mooi, sien Jesus raak vir Wie Hy is! Julle wat reeds deur God na Hom geroep is en as volk vir Hom afgesonder is. Gelowiges wat hoop op die ryke gawes wat God in Hom skenk, naamlik kindskap van die hemelse Vader, die ewige lewe en die volle heerlikheid.

Die twee titels, Apostel en Hoëpriester, beskryf die volheid van sy taak as gehoorsame Seun van God. Hy is die volmaak getroue mens in diens van God. Maar Hy is veel meer as die mens. Hy is die Seun van God, self God. Deur Moses het God Hom bekendgemaak. Hy het in die huis van God – die volk Israel – gedien. Jesus is meer as Moses, Hy is oor die huis van God aangestel. Hy is die getroue Apostel wat God volledig aan die wêreld verkondig. Jesus is ook Hoëpriester. Deur sy getroue offerwerk het Hy betaal vir al ons sondes.

Wie Jesus nie aanhou sien vir Wie Hy is nie, het nie deel aan die huis van God nie. Wanneer die ongelowiges Jesus wil afkraak, rig dan jou oë op Hom en hou vas aan jou belydenis. Jesus is die Seun van God, jou Apostel en jou Hoëpriester.

*Sing: Psalm 134-1:1, 2*

*Dr. WC Opperman (Callie) (Emeritus)*